



eduresourceza.com

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 12

VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2023

VRAESTEL 2

MEMORANDUM

Eksaminator	CURRO-groep & H.Botes	Datum	6 September 2024
Moderator	E. Smit & A.Nel	Tyd	2½ uur
		Totaal	100 punte

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye. Maak seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

AFDELING A: LETTERKUNDE – DONKER WEB (70)

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE (30)

3. Beantwoord al die vrae.
4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
5. Laat 'n reël oop na elke vraag.
6. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
7. Nommer jou antwoorde soos op die vraestel.
8. Alle vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
9. Maak seker dat jou selfoon afgeskakel is. Plaas dit in jou tas of op die onderwyser se tafel.

Donker Web – Fanie Viljoen

VRAAG 1 JOHANNESBURG, STELLENBOSCH, JOHANNESBURG

Gebruik ongeveer 22-23 minute vir hierdie vraag.

Ons huis in Sandhurst het 'n skemeragtige plek geword, meestal sonder klank, buiten vir 'n luiende selfoon, 'n motor in die straat ...

Môre is dit tyd vir 'n nuwe begin. Die een of ander tyd moet 'n mens voortgaan. Dis die lewe.

Waar ek nou is, en hoe ek hier gekom het – dis nie hoe my lewe moes wees nie. Met daardie malende gedagte stap ek na my broer, John, se kamer.

“Slaap jy nie?” Die stem laat my opkyk na my ma in die kamerdeur.

(bl. 11, 13 & 14)

- 1.1 Gee **TWEE redes** hoekom Greg hulle huis as “n skemeragtige plek” beskryf. (2)
Sy broer, John het selfmoord gepleeg / is dood.
Sy pa is in die tronk.
- 1.2 “Môre is dit tyd vir 'n nuwe begin”. Wat gebeur die volgende dag wat vir Greg soos 'n nuwe begin sal voel? (1)
Reg sy die volgende dag Stellenbosch toe om te gaan studeer.
- 1.3 Greg en sy ma is alleen by hulle huis. Waar is Greg se pa dan? (1)
Greg se pa is in die tronk
- 1.4 Watter herinnering aan John probeer Greg lewendig hou? (1)
Hy en John se adrenaliensport / iets sorgelyk
- 1.5 Die aand van John se dood het Greg se pa vir hom iets baie ontstellends gesê. (1)
Wat was Greg se pa se woorde?
“Dit kon eeders jy gewees het” Spesifieke woorde nie nodig nie.

Voor my lê die Eikestad, my nuwe blyplek vir ten minste die volgende drie jaar.

Dan sien ek dit: netjiese wit mure, prime property, parkering aan die agterkant.

Drie meisies kom verbygestap toe ek 'n my laptopsak oor my skouer slinger en 'n boks uit die kattebak haal. Hulle lag in my rigting, een van hulle draai later om en kyk na my.

“Is jy ook 'n eerstejaar?”, vra die een met die donkerbruin hare wat in 'n wolkerige bondel agter haar kop vasgemaak is. (bl.25)

- 1.6 Wat gaan Greg by die Universiteit van Stellenbosch studeer? (1)
Sportwetenskap
- 1.7 Verduidelik kortliks hoe Greg dit kan bekostig om in 'n "Prime Property" te woon. (1)
Hulle geld is in 'n Trustfonds -sy pa se geld
- 1.8 **TWEE** vreemde dinge gebeur met Greg tydens "Vensters". (2)
Beskryf kortliks die TWEE "vreemde" dinge wat met hom gebeur.
'n Dronk student sê vir hom hy is die loser wat sy pa in die tronk gesit het.
'n Vreemde vrou vra vir Plank vrae oor hom.
- 1.9 Watter goeie vriend van Greg studeer ook op Stellenbosch? (1)
PLank
- 1.10 Waarmee help Chloe Greg later? (1)
Sy help hom om 'n foto van sy hand te manipuleer sodat dit lyk of daar 'n transponder in sy hand is.

Uiteindelik stap ek deur 'n draaihek en 'n metaalverklikker na 'n bussie toe. My oë volg die lyne van die skrikwekkende geboue. Hierdie is 'n plek waar hoop en wanhoop aan mekaar vasgkettering is.

Ek vlieg die Sondagand terug Kaap toe. Dit was 'n naweek wat my verander het.

(bl. 60 & 67)

- 1.11 Wie besoek Greg in bostaande uittreksel? (1)
Sy pa
- 1.12 Sou jy sê dit was 'n goeie besoek? Gee 'n volledige rede vir jou antwoord. (1)
Nee. Sy pa beskuldig hom dat Greg hom in die tronk laat beland het/hulle familie se naam deur die modder gesleep het
- 1.13 Noem EEN ander verrassing wat Greg gedurende daardie naweek gekry het. (1)
Sy ma het 'n kêrel/Nicole het 'n baba. [15]

VRAAG 2

DIE OOMBLIK VAN WAARHEID

Gebruik ongeveer 22-23 minute vir hierdie vraag.

'n Man verskyn in die paadjie. Grys hare, oë verskuil onder sy wenkbroue. Swart Italiaanse snyerspak. 'n Toegevoede sambreel onder sy arm.

Dokter Sebastian Stadler. Die Baker.

"Dis goed om jou weer te sien, Greg," sê hy smalend.

Die herinnering aan Thomas Lawson se partytjie verhelder soos 'n opskietvonk in my kop. Die manier waarop die Baker sy kop draai, beweeg, alles roep weer die aand by die huis in Clifton op. (bl.285)

2.1 Na 'n maandelange soektog, kuberkraking, dreigemente en gevaarlike situasies, staan Greg en Xander uiteindelik voor die Baker. Die oomblik van waarheid het aangebreek.

Skryf 'n paragraaf van **80 – 120 woorde** oor hoe antwoorde op 'n hele paar vrae tydens hierdie ontmoeting oopgevelek word.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- **Waar** in Venesië speel bogenoemde uittreksel af? (1)
Die Konklike Tuine
- Hoe reageer Xander toe die Baker erken dat hy die teregstellingsvideo van sy pa vir Xander gestuur het? (1)
Xander kry 'n angsaanval
- Oomblikke later begin Greg se visie uit fokus gaan, die speeksel in sy mond opdam en kry hy spasmas in sy arms. (2)
Verduidelik kortliks **hoekom** Greg só voel en **hoe** dit gebeur het dat hy só voel.
Gerg is vergiftig (met paraoxon) ✓ wat die Baker op die pet gesit het wat hy by die man van die stalletjie gekry het. ✓
- Die waarheid oor Rian Trollip se dood kom tydens hierdie gesprek na vore. Hoe was die Baker **indirek** verantwoordelik vir sy dood? (1)
Hy het kinderpornografie op Rian Trollip se rekenaar gesit sodat hy in die tronk vermoor kan word.
- Die Baker verklaar ook hoekom hy regter Gericke so wreed vermoor het. Wat is die rede waarom die Baker dit so geniet om mense te vermoor? (1)
Hy vermoor mense want dit is hoe hy sy eie pa wil vermoor / hy is mishandel as kind (lets soorgelyks)
- Hoe het die Baker van regter Gericke se liggaam **ontslae geraak**? (1)
In sakke gesit (met klippe aan sy voete) en uit 'n vliegtuig uitgegooi in die see in.
- Wat is in die inspuiting wat Plank in Greg se bobeen inspuit? (1)
Teen gif vir die Paraoxon / Atropien (8)

2.2 Xander slaag daarin om die Baker se gekodeerde lêers oop te kry. Wat was die **wagwoord** van die lêers en **waar** kom dié naam vandaan? (2)

Uitschotkraal. ✓ Dit was die plaas waar die Baker grootgeword het. ✓

2.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde in te vul:

Xander laai twee rekenaarvirusse op die Baker se rekenaar toe hy dit kraak, naamlik (2.3.1 ...) en (2.3.2 ...). (2)

**Ransomware
Doxware**

Op die Baker se rekenaar vind Xander uit dat hy besig was met (2.3.3 ...- tegnologie) wat hy onder ander op babas wou uittoets. (1)

CRISPR-tegnologie / breinbeheer / geenmanipulering / DNA-manipulering

2.4 Verduidelik kortliks **wie** die Baker aan die einde doodgemaak het en **hoe** hy dit gedoen het. (2)

Xander het die Baker doodgemaak ✓ Hy het die Baker geskiet ✓ [15]

VRAAG 3 WAARSKUWINGS EN HULP

Gebruik ongeveer 22-23 minute vir hierdie vraag.

Greg se ma is ontsteld omdat Greg nie na almal se waarskuwings die afgelope jaar geluister het nie.

Voltooi die volgende dialoog tussen **Greg** en sy **ma**. Skryf SLEGS die **vraagnommer en die karakter se woorde op jou antwoordstel** neer. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.

'A final business lesson before you leave, Greg: Never burn a bridge to find your way in the dark. Yes, bridges burn... but so do people *and* their dreams.'

(bl.20)

3.1 Ma: Wie het die woorde hierbo vir jou gesê in jou matriekjaar, Greg? (1)

Greg: Dit was **Thomas Lawson**

3.2 Ma: Soos gewoonlik, het jy al weer jou eie kop gevolg nadat oom Dirk jou in Stellenbosch gewaarsku het. (1)
Met watter mite uit die geskiedenis het hy jou situasie vergelyk?

Greg: **Die Gordiaanse knoop.**

3.3 Ma: En wat het jou pa vir jou gesê toe hy hoor jy gaan die Baker soek? (1)

Greg: **Hy het gesê ek moet dit los.**

- 3.4 Ma: Vertel vir my van Tom se moord. **Waar** het hulle hom gevind en **wat** het sy moordenaar met hom gedoen? (2)
- Greg: **Hulle het hom onder die Eersterivierbrug (in die Eersterivier) gevind. ✓**
- Sy moordenaar het sy tong uitgesny. ✓**
- 3.5 Ma: En wat dink jy het dit beteken? (1)
- Greg: Die moordenaar wou vir my sê **ek moet ophou praat oor die Baker/ophou om die Baker te soek.**
- 3.6 Ma: En na die Paasnaweek het jy nog 'n waarskuwing gekry. Wat was die woorde teen die **glas skuifdeur** in jou woonstel in Stellenbosch? (1)
- Greg: **“Jy en jou hackerbuddy moet my uitlos” (Direkte woorde nie verpligtend nie)**
- 3.7 Ma: Hoekom was jy so ontsteld oor hierdie woorde? (1)
- Greg: **Dit was met bloed geskryf / dit beteken die Baker weet ek soek hom / Die Baker weet waar ek bly.**
- 3.8 Ma: Jou aksies stel my ook in gevaar. Daardie foto's in jou Dropbox? Waaroor was dit? (1)
- Geg: **Dit was foto's van Ma in die winkelsentrum – iemand het Ma agtervolg.**
- 3.9 Ma: En die dag by die magistraatskantoor in Stellenbosch het iemand met jou gepraat. Watter waarskuwing het jy uit die **aanhoudingselle** gekry? (1)
- Greg: Iemand het vir my gesê **ek moet ophou oor die Baker praat/ophou vrae vra / “Haal die Baker uit jou bek uit..” / Jou pa is nie veilig in die tronk nie.**
- 3.10 Ma: Plank het van die begin af gedink jy moet die ding met die Baker los. Waaroor het hy jou óók gewaarsku toe julle in Istanboel was? (2)
- Greg: **Ek moenie met Ayla lol nie.**

3.11 Ma: Gelukkig was daar ook mense wat jou wou help. Onthou jy die gebrande boek? Wat het in die brief gestaan wat saam met die boek gekom het? (1)

Greg: Ja ek onthou dit. Daar het gestaan **“Miskien sal hierdie jou kan help om die Baker op te spoor” (of iets soortgelyk)**

3.12 Ma: Wat was daar nog in die boek? (1)

Greg: **Chemiese formules / die woord Valkyrie.**

3.13 Ma: Ek het vir oom Dirk gevra om jou te gaan soek. Waar was jy toe hy jou gekry het? (1)

Greg: Ek was in **Florence** (stad se naam)

[15]

VRAAG 4 BELANGRIKE PLEKKE


Gebruik ongeveer 37-38 minute vir hierdie vraag.

Opdrag:

Greg se soektog na die Baker lei hom om verskeie lande te besoek. Op elke plek waar hy hom bevind, gebeur daar interessante dinge wat sy soektog beïnvloed en leidrade aan hom verskaf. Skryf 'n opstel van tussen **250 en 400 woorde** oor die verskillende plekke in die verhaal wat Greg besoek.

- Gebruik die kolpunte hier onder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet ook 'n **inleiding- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.

INLEIDING



PARAGRAAF A STELLENBOSCH - KAAP

- Greg sien 'n spesifieke kunswerk – 'n granietbankie - in Stellenbosch voor die SMAC-kunsgalery. Wat is die naam van die kunswerk en aan wie laat dit hom dink? (2)

1/1 Broken Trust ✓ ½ Dit laat hom dink aan Xander. ✓

- Waar in Stellenbosch ontmoet Greg vir Tom? (1)
1/3 NG Moederkerk
- Greg word genooi na 'n belangrike partytjie in Clifton. Wie het hom genooi? (1)
¼ Thomas Lawson
- Hoekom, dink jy, was hierdie partytjie 'n belangrike aand in Greg se lewe? (1)
1/5 Hy het die Baker daardie aand ontmoet.



PARAGRAAF B TURKYE

- Na watter stad toe moet Greg en Plank reis om vir Xander te ontmoet? (1)
2/1 Istanbul
- Hoekom moet Plank saam met Greg gaan? (1)
2/2 Hy het die transponder wat Greg se rekenaar moet aktiveer, in sy hand ingeplant.
- Wat is die bekende naam vir die *Versonke Paleis* waar Greg vir Xander kry? (1)
2/3 Basilica Cistern
- Wat is die naam van die webwerf waar Greg en Xander uiteindelik die Baker vind? (1)
2/4 Elsewhere
- Wat noem Ayla die woorde (wat soos 'n storie is) wat Greg op hierdie webwerf lees? (1)
2/5 Fanfiction



PARAGRAAF C ITALIË

- Hoekom verbied Xander vir Plank om saam met hulle Italië toe te gaan? (1)
3/1 Hy het vir Lisa gebel (met Candon se foon) en nou soek die polisie hulle

- Na watter Italiaanse stad het die drie jongmense EERSTE gegaan? (1)
3/2 Florence / Rome
- Waar vind Xander en Greg die Baker se adres? (1)
3/3 Op 'n rekening/dokument in die Bker se recycle bin/asblik.
- Greg besoek die Accademia-museum. Noem die twee persone met wie Greg, onwetend, in die museum praat. (Noem elkeen **regte naam**) (½+½)
¾ Sebastian Stadler (½) 3/5 Valkyrie (½)
- Greg ontvang 'n boodskap. Wie moet hy in die Palazzo Vecchio ontmoet? (1)
(Gee sy **naam en van**)
3/6 (Oom) Dirk Schutte



PARAGRAAF D

VENESIË

- Watter kanaal in Venesië kronkel soos 'n slang deur die stad? (1)
4/1 Canale Grande / Grand Canale
- Verduidelik kortliks hoe Greg en Xander uitvind dat die Baker nou in Venesië is. (2)
4/2 (Hulle het sy webcam gekraak) en 'n video van hom geneem. ✓
4/3 Toe sien hulle (die San Giorgio Maggiore) 'n bekende kerk in Venesië in die agtergrond. ✓
- Watter metode gebruik Greg en Xander om die Baker in die strate van Venesië op te spoor? (1)
4/4 Gesigherkenningstechnologie
- Xander gebruik die Griekse mite van Prometheus om vir Greg te verduidelik hoe hy voel. Verduidelik kortliks wat hy daarmee bedoel. (1)
4/5 (Soos Prometheus se lewer wat uitgevrete word en pyn veroorsaak) het Xander berou oor wat hy aan Greg gedoen het.



SLOT

TAAL EN STYL

[5]
[25]

AFDELING B TRANSKASIONELE TEKSTE**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
- Skryf die **getal woorde** aan die einde van **elke vraag** neer.
- Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
 - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
 - interpretasie van die opdrag
 - inhoud en idees
 - register en toon
 - taalgebruik

Beplanning

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

- Skryf die opskrif, BEPLANNING, boaan.
- Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

VRAAG 5 E-POS

Gebruik ongeveer 30 minute aan hierdie vraag.

Opdrag:

Jy het die geleentheid om vir 'n mentor of onderwyser wat 'n merkwaardige rol in jou lewe gespeel het, dankie te sê. Hulle het jou opvoeding en persoonlike groei aansienlik beïnvloed. Skryf 'n e-pos aan jou mentor of onderwyser. Spreek jou dankbaarheid uit en deel hoe hul leiding jou gehelp het. Jou e-pos moet opreg wees en ware waardering vir hul rol in jou lewe weerspieël.

In jou e-pos moet jy na die volgende verwys:

- Spreek jou waardering vir hierdie persoon uit.
- Beskryf hoe hul leiding of ondersteuning jou persoonlike groei of akademiese reis beïnvloed het.
- Deel 'n spesifieke oomblik of les wat by jou bly.
- Noem hoe hul mentorskap jou steeds inspireer.

Instruksies:

1. Verdeel jou blog in paragrawe volgens die kolpunte op die vorige bladsy.

2. Skryf die aantal woorde aan die einde van jou skryfstuk neer.
3. Die inhoud van jou e-pos moet **tussen 150 en 250** woorde lank wees.

[20]

VRAAG 6

Gebruik ongeveer 15 minute vir hierdie vraag.



[Bron: Pixabay.com]

Situasie:

Jou vriend of vriendin word geboelie by die skool. Jy is bekommerd oor hom/haar en wil hul bemoedig.

Opdrag:

Skryf 'n kort **boodskap per WhatsApp** waarin jy jou vriend / vriendin:

- raad gee hoe om die regte kanale te volg om hierdie boelie aan te gee.
- bemoedig om uit te hou.
- verseker dat jy hom/haar graag wil ondersteun.

Instruksies:

- Die inhoud van jou boodskap moet tussen **60 en 100 woorde** lank wees.
- Beplan jou boodskap voordat jy dit neerskryf.
- Skryf die totale getal woorde onderaan neer.

[10]

AFDELING B: [30]

GROOTTOTAAL: [100]